Bellville-Oos
GEREFORMEERDE KERK

7 Oktober 2018

Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!

Die Boodskapper

Oggenderediens: Ds. Reinder Kingma

Preektema: *Jy is 'n GEROEPENE van die Here!*

Votum en groetseën

Sing: Sb. 1-2:1, 2, 3

Geloofsbelydenis
Sing: Lied 260:1,4,5,10,11

Verootmoedigings- en versoeningsdiens

- **Sing:** Psalm 139:1 (p. 674 Totius)
- **Wet** van die Here
- **Sing:** Psalm 139:12 (p. 676 Totius)

Gebed

Skriflesing: 1 Petrus 2:1-10
Woordbediening
Teksverse: 1 Petrus 2:10
Tema: *Jy is 'n GEROEPENE van die Here!*
Sing: Psalm 116: 4,7,9,10 (p. 569 Totius)
Gebed
Liefdegawes
Sing: Sb. 1-1:2,6

Seën van die Here
Sing: Amen

Aanderediens: Ds. Reynold Fourie

Preektema: *Word so kwaad*

Votum en groetseën
Gebed
Sing: Lied 159:1, 2

Lofsang: Lied 192:1, 2, 3

Skriflesing: Mark 3:1-6

Sing: Ps. 25:2 (p.115 Totius)

Tema: *Word so kwaad*
Gebed
Liefdesgawes

Sing: Ps. 4 : 4 (p16 – Cloete) en
Ps. 43 : 3 (p220 – Totius)
Seën van die Here
Sing: Ps. 4 : 6 (p17 – Cloete)

Predikante

Ds Reynold is hierdie naweek op ons jeugkamp. Ons bid ook die Here se seën af op hierdie kamp.

Chri-sante

Oktober 2018

(01/10 – 13/10) **ALLE HOSPITALE**
Anke Dette

Indien u weet van enige siektegevalle, skakel gerus die Chrisante vir 'n besoek!

Ons is almal geroepenes!!

KOLLEKTES:

VANDAG:		***Sondag 14 Oktober:***
Diakonale Kas en TSP Studentekas	I	*Diakonale Kas en Huis Boland*

DIENSBEURTE

Vandag:	***Son 14 Okt:***
Oudl. Wim Gevers	*Oudl. Wouter Grové*
Diak. Mareli Mosca	*Diak. Elize Opperman*

TEESKINK:

Vandag:	***Son 14 Okt:***
Vrywilligers asb	*GF 24 en GF 25*

Baie geluk

Wynand en Ilouise Marais het in September 'n eerstelingseuntjie, **Jean** van die Here ontvang. Baie geluk aan hulle en ook aan **oupa Koos en ouma Anneke Marais.** Mag hierdie seuntjie vir julle baie liefde en vreugde bring.

Wynand en Anneke Gerber het Woensdag 'n eersteling dogtertjie ryker geword. Ons is die Here dankbaar dat alles goed afgeloop het. Baie geluk ook aan **ouma Jenny Gerber** asook **oumagrootjie Margaret Voogt** (haar negende agterkleinkind en derde een hierdie jaar!!). Ons bede is dat **Annemé** ook vir julle 'n groot vreugde sal wees.

Daar was ook die afgelope tyd twee verlowings: **Margareet Marais en Kobus Eksteen**, asook **Karen Vreulink en Christopher MacRobert.** Baie geluk aan hierdie paartjies, asook onderskeidelik Koos en Anneke Marais, en Anton en Mieneke Vreulink. Die Here se seën word toegebid op die voorbereiding vir die huwelike.

Koningskinders sê Baie Dankie!

Na nog 'n geseënde en geslaagde kamp, wil die Koningskinderskomitee weereens die gemeente van harte bedank vir die ondersteuning, gebede, meelewing en skenkings wat ons so mildelik van u ontvang – ons weet dit is die Here wat vir u die oop hart en hande gee, en ons dank Hom daarvoor!

Soos altyd na die kamp, is daar maar die opruiming, en daarmee gaan gepaard die was en terugpak van die slaapsakke. Ons vra groot asseblief vir die gemeente om ons daarmee te help. As elkeen net een slaapsak neem, kan ons vinnig deurdraf. By voorbaat dank met die hulp hiermee!!

Mediateek

Die **Mediakomitee** vergader op Woensdag 10 Oktober om 18:00 by die Mediateek.

Verjaarsdae

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, en besonder aan **Jannie Rossouw, Ena Kruger en Flip Putter.** Baie seën vir die nuwe lewensjaar word julle toegebid. Mag julle almal 'n besondere dag hê omring met vriende en familie!

07/10	VANDAG	DINE	CLEOPAS	KR3
		AMORIE	LOOTS	ST1
		NORA	ROSSOUW	KU1
		MARLIZE	SMUTS	TY1
		CHANDRé	VAN DER VYVER	TY2
08/10	Ma	FRANCOIS	DU PLESSIS	BR2
		MIRIETTE	JORDAAN	GF19
		LIAM	SNYMAN	KE1
		CINDY	WESSELS	GF27
09/10	**Di**	KEES	BEEKMAN	DS1
		JOHAN	JANSEN	TY2
		JANNIE	**ROSSOUW**	**KU1**
		ALWYN	SMIT	GF25
10/10	Wo	ELSA	DE GOEDE	TY1
		MARIANA	ESTHERHUIZEN	OA2
11/10	Do	JADE	GOEIEMAN	KR3
		HERMAN	KRUGER	GF02
		ALTA	VAN DER WALT	ST1
12/10	**Vr**	RIANKA	FOUCHÉ	VR4
		ENA	**KRUGER**	**DS1**
		FLIP	**PUTTER**	**VR4**
		SJ	SWANEPOEL	BL1
13/10	Sa	ANGELIQUE	ALERS	GF08
		CECILE	COSTERUS	TY1
		WYNAND	GERBER	KR2
		KOBUS	VENTER	GF10

Vrolike Veterane

Die **Vrolike Veterane** se volgende uitstappie beloof om baie leersaam te wees.

Ons besoek Lukas van der Walt, die klavierstemmer en -bouer se werkswinkel in Brackenfell (Baie naby die kerk). Hy gaan ons daar wys hoe hulle klaviere bou en herstel. Hy gaan ook vir ons vertel hoe die klavier ontstaan, en deur die jare ontwikkel het. As ons dit kan regkry, gaan een van ons lidmate, wat regtig 'n klavier kan laat musiek maak, vir ons iets speel op 'n konsertklavier wat meer as 'n miljoen rand werd is.

Datum: Maandag, 8 Oktober. Ons kom 9-uur by die kerk bymekaar, en ry dan saam.

Almanak 2019

Bestellings vir die GKSA Almanak 2019 kan nou op die borde by die ingange geplaas word. Die Almanak bevat al die inligting van alle gemeentes oor Suid Afrika, maar ook dagstukkies vir daaglikse Bybelstudie. Die almanakke kos R95 (BTW, posgeld en verpakking ingesluit). Bestellings moet voor 14 Oktober geplaas word. Ons sal u verwittig wanneer die Almanakke beskikbaar is.

Baie dankie!

Dit is met groot waardering dat ons as familie van wyle Br. Gerrit van Milligen, die gemeente van Bellville-Oos wil bedank vir almal se ondersteuning en hulp tydens die troosdiens wat Woensdag 26/9/2018 plaasgevind het.

Ons dank God vir sy lank gespaarde lewe en prys Hom vir sy genade. By Hom is hy nou – by hom vir wie hy lief was en getrou gedien het. Ons eer sy nalatenskap.
Willy van Milligen, kinders, kleinkinders en agterkleinkinders.

ONS SPENS

Baie dankie aan almal wat ons so getrou ondersteun!
Weet verseker dat elke bietjie help!
Ons benodig asseblief weer die volgende:

Koffie Suiker Cup-a-Soup Mieliemeel Blikkies Tuna Konfyt Blikkies groente Rys Langlewe Melk Ontbytpap Tamatiesous Speserye Tandepasta Sjampoe

---

Laerskooljeug Gesinspiekniek:

Ouers en kinders gaan lekker piekniek hou!

Wanneer: Son 21 Oktober **Tyd**: 12:00
Waar: Jack Muller Park oorkant DF Malan Hoërskool
(ons ontmoet by piekniek area by klimraam)
Koste: Toegang gratis
Bring saam: stoele, komberse, Eie piekniek kos

(Let wel: braai word nie toegelaat in die park nie)
Vir enige navrae kontak asseblief vir Laetitia van Dalen

Huisgeloof Graad 7

HUISGELOOF
Leef en beleef geloof@huis 24/7

Die Huisgeloof sessie vir Graad 7 kinders word gehou op Sondag 14 Oktober net na die oggenddiens. Ouers, kinders, oupas en oumas is welkom.
Ons gaan kyk na "**Balans in 'n nuwe fase**".
Hoop ons sien almal daar!

Is jy nuut in ons gemeente??

Soek hierdie twee vriendelike gesigte buite by die braai (by die glasdeure) en hulle sal jou graag ontmoet!
Johan & Elize Opperman is hier om nuwe (of voornemende) nuwe intrekkers / besoekers te verwelkom, en enige vrae te beantwoord!